

Koeëltreën: Wapens, bloedspatsels en wonde

Met: Dibi Breytenbach

Die forensiese wetenskap het in die afgelope dekades indrukwekkend ontwikkel. Ballistiek sluit in die identifikasie van vuurwapens, bloedspatselpatrone en die aard van die wonde. Dibi Breytenbach gesels met Wollie Wolmarans oor die interessante sake waarby hy betrokke was.

09:00

Stelsiek

Met: Carla van der Spuy en dr. Henk Swanepoel
In *Stelsiek* (ook in Engels beskikbaar as *Disturbed*) ondersoek Carla van der Spuy (bekende joernalis en skrywer van *Mens of monster*, *Bloed op haar hande* en *Mishandel, misbruik, misken: My ma was Joey Haarhoff*) en dr. Henk Swanepoel Suid-Afrika se wreedste misdadigers en die persoonlikheidsversteurings wat aanleiding gegee het tot hul grusame misdade.

10:30




Hierdie Huis

Met: Kleinboer en Melt Myburgh

In *Hierdie huis* bevind Kleinboer hom nog steeds in die rowwe Yeoville naby Johannesburg se middestad. Hy is verknog aan sy erf, maar is 'n speldjie wat telkens na ander magnete aangetrek word. Sommige lesers het dalk gehoop hy het al ophou rondloop. Maar nee, hy is steeds verslaaf aan die versoekings wat bordele bied. *Hierdie huis* voltooi die drieluik wat Kleinboer met sy bekroonde *Kontrei* en *Werfsonde* begin het op fassinerende en ontroerende wyse.

15:00



The Republic of Gupta

Met: Pieter-Louis Myburgh en Melt Myburgh

The Republic of Gupta stel ondersoek in na wat die Gupta-broers gedoen het tydens die Thabo Mbeki-presidensie en hoe hulle in die binnekring van president Jacob Zuma gekom het. Dit skyn nuwe lig op hul omstrede ondernemings in rekenaars, krieket, koerante en TV-nuus, asook steenkool en uraanmynbou. Pieter-Louis Myburgh delf dieper as ooit tevore in die Gupta's se sakebedrywighede en hul skakels met prominente Suid-Afrikaanse politici. Hy gesels met Melt Myburgh.

12:00

Moordhuis (Madelein Rust) en Heiliger (Dibi Breytenbach)

Met: Madelein Rust en Dibi Breytenbach

Waaruit put spanningskrywers hul inspirasie? Twee uiters gewilde spanningskrywers, Dibi Breytenbach en Madelein Rust, het beide hul merk in die Suid-Afrikaanse spanningsgenre gemaak en pas het onderskeidelik hul derde en vierde boek die lig gesien. Maar waar kry hierdie twee skrywers hul inspirasie en hoe kry hulle dit reg om elke jaar 'n nuwe boek te skryf?

13:30




Die reuk van appels: Die reis van boek na verhoog

Met: Gideon Lombard; prof. Gerrit Olivier, Rudi Sadler en Johan van der Merwe

Byna 24 jaar nadat Mark Behr se opspraakwekkende roman die lig gesien het, herleef *Die reuk van appels* vanjaar as 'n toneelstuk. Prof. Gerrit Olivier (dosent in Afrikaans en Nederlands aan die Wits School of Arts en jarelange vriend en literêre raadgewer van Mark Behr) kyk terug op die boek se ontstaan, terwyl Johann Smith gesels oor die uitdagende taak om dié roman vir verhoog te verwerk. Gideon Lombard – wat vir sy solovertolking in *Die reuk van appels* vroeër vanjaar die Kanna-toekenning vir Beste Akteur ontvang het – sy indrukke gee oor waarom die werk juis vandag nog relevant is.

16:30



Hierdie jaar deel van die feesterrein op die Bult!

Feesterreintoeegang R20. Gesprekke gratis.



Fotostaatmasjien

Met: Bibi Slippers

Fotostaatmasjien, Bibi Slippers se debuutbundel, is met die 2017 Eugène Maraisprys en UJ Debuutprys bekroon. Haar gedigte dokumenteer die skeppingsproses in afdrukke, en maak só oorspronklike fotostate.

18:00

WOENSDAG 4 OKTOBER

Jan Smuts: Van boerseun tot wêreldverhoog – 'n Herwaardering

Met: Prof. Kobus du Pisani en medeskrywers

Kundiges herwaardeer Smuts se rol en bydraes op verskillende terreine in hierdie boek. As intellektueel word hy as die vader van holisme beskou. Sy politieke rol in die "era van die generaals" word vergelyk met dié van ander regeringsleiers sedert Uniewording. Sy aandeel in die totstandkoming van die Britse Statebond, die Volkebond en die Verenigde Nasies word bekyk. Onbeantwoorde vrae oor Smuts se politieke en rassebeleid word onder die loep geneem en sy lewe en denke word in die lig van vroeëre en meer onlangse teorieë ontleed en beoordeel.

09:00




Die De Zalze-moorde / The De Zalze murders

Met: Julian Jansen

Kan dwelms, jaloesie en geld 'n normale twintigjarige daartoe dryf om byna sy hele gesin met 'n byl uit te wis? Dit is die vraag op almal se lippe ná die skokmoorde op die Van Breda's van Stellenbosch. Met Marli wat niks van dié grunag kan onthou nie, is Henri die enigste een wat weet wat werklik gebeur het. Terwyl hy sy onskuld in die hof moet bewys, is die hele land aan die gis oor of Henri die byl gelig het en wat hom daartoe sou dryf.

10:30



Genade! EdeLAGbare: Humor en die hof

Met: Ian Wessels en Dibi Breytenbach

Die bekende RSG-aanbieder Ian Wessels se versameling sketse gaan oor die bizarre tot skreeusnaakse dinge wat soms agter die strak gesig van die reg plaasvind. Dibi is ook 'n regsgeleerde in die strafhof, daarom weet hierdie misdaadskrywer waarvan Wessels praat; sy het self 'n paar staaltjies om te vertel...

12:00

Debora gaan huis toe

Met: Helene de Kock en Sylvia de Kock

In dié opvolg op *Debora en seuns* is die fokus weer die lief en leed van die Schlagerfeldts. Dis nou die 1960's en die hoofkarakter is Debora se kleindogter, ook 'n Debora. Dié 27-jarige dokter kom terug na die Oos-Vrystaat om by haar pa in sy praktyk aan te sluit. Maar dan ontmoet sy dr. Tristan Murray en al haar voorgename drome stort ineen. Sy volg haar neef na Londen om haar wonde te lek, en vind dat die pad van verlore liefde na geluk deur gevaar en hartseer lei.

13:30



boek haar plek

WOENSDAG 4 OKTOBER

Die derde spoel – SJ Naudé

Met: SJ Naudé en Deborah Steinmair

Etienne studeer rolprentkuns in Londen nadat hy uit Suid-Afrika gevlug het om diensplig te vermy. In Londen kom Etienne af op die eerste van drie filmspoele wat tydens die dertigerjare in Duitsland verfilm is. Etienne begin na die verlore spoele soek, 'n soektog wat 'n obsessie word wanneer sy geliefde vermis raak in Berlyn. Deborah Steinmair gesels met SJ Naudé oor sy roerende nuwe roman, *Die derde spoel*, waarmee hy nuwe grond vir die roman in Afrikaans breek.

15:00



Nuwe stemme 6

Met: Charl-Pierre Naudé en Bibi Slippers en voorlesings deur die nuwe digters wat opgeneem is – Angelique Gerber, Elmarie Viljoen-Massyn, Erentia Bedeker, Johan Jack Smith, Johannes Naude Kritzinger en Marcel Spaumer

Nuwe stemme gee vir die varsste, nuutste stemme in Afrikaans 'n plek om hulself te laat hoor. Die sukses van die projek kan gesien word in die vorige deelnemers wat nou gevestigde skrywers is: Ronelda Kamfer, Gilbert Gibson, Loftus Marais, Kirby van der Merwe, Tom Dreyer en vele meer. Hierdie uitgawe is saamgestel deur Charl-Pierre Naudé en Bibi Slippers. As jy wil weet hoe lyk die skrywers van die toekoms, lees *Nuwe stemme*.

18:00




Elders

Met: Schalk Bezuidenhout


Elders vertel die verhaal van Erns Grundling se Camino-staptog van 1 025 km oor 40 dae, wat hy sonder 'n selfoon, kamera of horlosie aangepak het. In 'n tyd wat ons almal toenemend onder beleg voel weens die onmiddellikheid van selfone en sosiale media, ontdek hy die ware betekenis en beloning van om in die oomblik te leef. Dié bekende reisjoernalis, TV-aanbieder en radio-omroeper sal in gesprek wees met die komediant Schalk Bezuidenhout.

16:30



DONDERDAG 5 OKTOBER

Verskroeiide aarde



Met: Fransjohan Pretorius en André Wessels

Die Britse beleid van "verskroeiide aarde" en konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog het bitter herinneringe en trauma veroorsaak wat dekades ná die oorlog steeds by Suid-Afrikaners spook. In dié nuutopgedateerde uitgawe van 'n topverkoper gee vooraanstaande historici 'n vars en sober blik op hierdie hoogs omstrede aspek van die oorlog. Dié volkleurboek verken die perspektiewe wat ná meer as 100 jaar moontlik is, en bring nuwe insigte oor een van die mees omstrede aspekte van die oorlog.

09:00

Tienerharte-reeks en Die poort-reeks

Met: Cecilia Steyn, Nelia Engelbrecht en Deborah Steinmair

Tienerharte bied hartstogtelike romanse vir ouer tieners. Cecilia Steyn woon in Klerksdorp en is die takadministreerder van Health-Pharm. Haar eerste boek waag sy onder die mentorskap van haar broer en bekende skrywer, Fanie Viljoen, en sedertdien het sy verskeie jeugboeke die lig laat sien, onder meer *Die meisie op die dak* en 'n splinternuwe reeks, *Presies anders*.

Op 'n plattelandse dorpie woon daar 'n groep tieners met spesiale kragte en magte wat die vrede help bewaar. . . *Die poort* bied tieners opwindende Afrikaanse leesstof in die fantasiegenre. Nelia Engelbrecht woon in Potchefstroom en werk as redakteur en skrywer in die korporatiewesake-kantoor van die NWU. Haar jeugboek *Pandora se boks* is bekroon met 'n ATKV-kinderboektoekenning en die Scheepersprys vir Jeuglektuur (2009).

10:30



Cecilia Steyn
Foto: Nardus Engelbrecht



Nelia Engelbrecht
Foto: Nardus Engelbrecht



Boerekos met 'n twist

Met: Annelien Pienaar en Herman Lensing

In *Boerekos met 'n twist* gee Annelien Pienaar 'n kwyllekker kinkel aan die eenvoudige, voedsame huiskos wat jou ma, ouma en oumagrootjie gemaak het. Elkeen van dié 140 familiereseppte vir soppe, souse, groente-, vleis- en nageregte én gebak en spenstreffers is deeglik getoets, bevat g'n vreemde bestanddele nie en sit die "resep-met-'n-les"-konsep voort wat haar gelyknamige blog en Facebookblad so 'n ongekende sosiale mediasukses maak. Tussendeur help sy lesers om basiese kombuisvaardighede onder die knie te kry én sy deel nuttige raad, kortpaaië en plaasvervangers waarmee selfs groentjies vinniger, goedkoper en met meer selfvertroue vooruit sal boer in die kombuis. As voedselwetenskaplike, kookskooleienaar, boervrou, werkende ma en blogger met haar vinger stewig op die pols van die volk weet Annelien presies wat kosmakers én -eters nou nodig het: 'n kompakte 21ste eeuse *Kook en geniet* vir besige mense.


12:00

Vat jou hele hart: Kom saam na die Middelkoninkryk

Met: Prof. Hans du Plessis

Dié boek is 'n outobiografiese blik op China, 'n vinnig veranderende en fassinerende land, soos gesien deur die bril van een Suid-Afrikaner in die vroeë 21ste eeu. Dit gee 'n kykie in hierdie kolos wat tot onlangs nog in misterie gehul was, sy roemryke antieke beskawing en sy moderne mutasie wat vandag vir baie mense na 'n bedreiging lyk weens 'n oorlewingsdrang wat hulle oral ter wêreld laat wortelskiet. Deur Elkarien Fourie se verhale loop on-vergeeflike karakters: die goedhartiges, kleurrykes, vasbyters en kansvatters.

16:30




Ware mense

Met: Bart de Graaff, Hans du Plessis en Daniel Hugo **Ondersteun deur:** Die Nederlands Letterenfonds en die Van Ewijck Stigting

Hierdie uitmuntende publikasie handel oor die geskiedenis van die Khoi-mense, en hul huidige posisie onder die ANC- en Swapo-regerings in Suid-Afrika en Namibië. Dis heel waarskynlik die enigste boek wat so omvattend en indringend verslag doen oor die onsekerhede van hierdie mense wat in die verlede die uitgestotenes was en steeds is – ondanks hulle aanspraak op die status van die "eerste" of "ware mense".

Bart de Graaff het Suidelike Afrika in 2015 en 2016 besoek en onderhoude gevoer met die huidige leiers en lede van onderskeie groepe. Die boek is 'n openbaring vir die meeste Afrikaners wat bitter min weet van hulle bruin taalgenote. De Graaff skryf hul stories met deernis, erns en humor.

13:30



Knapsekêrels

Met: Daniel Hugo en Pieter Fourie

Hierdie Hertzogpryswenner, asook mees bekroonde en gepubliseerde dramaturg in Afrikaans, word op 77 die oudste debutant in die Afrikaanse poësie. Sy kwantumsprong van dramaturg tot digter is getrou aan die aard van Fourie se hele loopbaan. Die aandurf van die oënskynlik onmoontlike en beslis waaghalsige. Die vestiging van die KKNK as eerste uitvoerende hoof is maar een voorbeeld. Sy ontvangs van 'n eredoktorsgraad in dieselfde jaar (2011) van Desmond Tutu by die Universiteit van die Vrystaat is nog 'n hoogtepunt in 'n loopbaan van 56 jaar in die Afrikaanse teater.

18:00



Die wêreld van Charlie Oeng

Met: Heilna du Plooy

Tian Kilian se ouers is voor sy oë vermoor, die aand van die vuurwerke. Nou reis hy Amsterdam toe, Ooste toe, op die spoor van Charlie Oeng, oftewel Koekepan, of Gelatenheid of Chinees – eens 'n onbeduidende Hollywood-ekstra, maar 'n hoofspeler in Tian se wêreld. Feit en verdigsel is sjarmant verweef in hierdie ambisieuse, verbluffende roman.

15:00



Narsiste, psigopate, stalkers en sadiste

Met: André le Roux

Jy het vandag – niksvermoedend – verby minstens een psigopaat geloop. Hy't dalk saam met jou in die hysbak geklim. En vanaand wag daar dalk 'n narsis of sluiper op jou.

By die huis.

Wie is hierdie ongere, gevaarlike mense? Met uitgebreide navorsing en talle gevallestudies – van Daisy de Melker tot Oscar Pistorius – maak André le Roux hierdie mense werklik en herkenbaar sodat jy hulle kan vermy.

09:00

Die Mannheim-sage 1: Die fortuinsoekers en Die Mannheim-sage 2: Die goudkewers

Met: Deborah Steinmair

Dis die goudstormloop van die 1880's in Johannesburg. Hebsug, verraad en passie is aan die orde van die dag. Die sewentienjarige Deborah von Albein word gedwing om hul familieplaas in die Karoo te verlaat en na die Goudstad te verhuis. Dis hiér, terwyl sy onverwags as hul gesin se broodwinner optree, waar sy boonop moet kies tussen Kit Malloy, 'n ambisieuse dobbelsaloneienaar, en Karl Mannheim, die eksentrieke erfgenaam van die Mannheimfortuin. En só begin die drieluik van *Die Mannheim-sage*... Ook 'n treffer-telesiereeks.

10:30



30

Met: Herman Lensing en Annelien Pienaar

Die gewilde koskenner en redakteur van *SARIE KOS* Herman Lensing vier 30 – op allerhande maniere, maar (natuurlik!) het die belangrikste daarvan met kos te doen. Daar is byvoorbeeld 30-minute-resepte, die 30 dinge wat jy van wyn moet weet, en wenke van sy koskennervriend oor hoe om jou gebak te laat skitter – en ook 30 goeie gewoontes, dinge wat sy ma hom nooit vertel het nie, maniere om gesond te bly en meer. Die resepte word verdeel in die afdelings brood, maalvleis, graan, pasta, varkvleis, tuna, skaapvleis en hoender. By elke afdeling is daar ook vier "moetmaak"-resepte. Herman deel sy kennis en wenke gulhartig, en nooi lesers ook om 'n bietjie uit sy lewe te leer.

12:00

Gespreksgenoot: Briewe van Elize Botha

Met: Heilna du Plooy en ander

Hierdie briewe wys die persoonlike kante van Elize Botha en verskeie bekende Afrikaanse skrywers. Dit is ook 'n opgaaf van persoonlike en landsgebeure uit 'n era wat verby is. Botha, die voorste literator, baanbreker, maatskappydirekteur, universiteitskanselier, meningsvormer en mentor word die knooppunt van uiteenlopende drade. Uit hierdie briewe, byeengebring deur die akademikus, digter en skrywer Heilna du Plooy, leer die leser Afrikaans se grande dame ken as presteerder, lewensgenieter en beskeie mens, vertroueling en bowenal vriendin soos min.

13:30



Boereverneuers

Met: Izak du Plessis en Melt Myburgh

Hulle lieg, bedrieg, gee voor. Hulle verdraai, verdoesel, verduister, verwoes. Geleidelik palm hulle jou vertrou in. Dan, eensklaps, is jy jou geld, status en reputasie kwyt. Só oortuigend doen hulle dit dat selfs die slimste, mees ingeligte mense 'n rat voor die oë gedraai word en eers besef wat hulle getref het nadat grootskaalse skade aangerig is. Maar selfs swendelaars kom hulle moses teë. Izak du Plessis se *Boereverneuers* vertel die stories van Afrikaanses wat van ons land se grootste skelmstreke gepleeg het.

15:00



God praat Afrikaans

Met: Ilse Salzwedel

HemelBesem, of te wel Simon Witbooi, is een van die grootste én hardwerkendste hip-hopsterre in Afrikaans, maar hy verkondig ook as "straatpredikant" sy liefde vir Afrikaans in al sy vorme. Ilse Salzwedel gesels met hierdie uitsonderlike kampvegter van Afrikaans oor dié hartsboek wat onlangs die lig gesien het.

16:30





Uittogboek

Met: *Louis van Niekerk en Rentia Bartlett-Möhl*
Uittogboek, Johan Myburg se vierde digbundel, het onlangs verskyn by Protea. Myburg het hom in die bestek van drie digbundels gevestig as een van die gerekende digters in die Afrikaanse digkuns. Elke publikasie van hom getuig van 'n fyn vakmanskap wat nie net sy eie nie, maar die totale digkuns verruim met die uitdagings en temas wat met elke nuwe toevoeging tot sy oeuvre ondersoek word.

18:00

SATERDAG 7 OKTOBER

Alles om liefde met die skrywers Dina Botha, Santie van der Merwe en Didi Potgieter

Met: *Ilse Salzwedel*

Romantiese fiksie is lank nie meer voorspelbare liefdesverhale waar die heldin swig voor die voete van 'n lang, lenige en befoeterde held nie. Hedinne is nou vroue in eie reg, wat die leisels neem en die held aanhelp waar dit moet. Ilse Salzwedel is in in gesprek met die immer gewilde divas van die genre: Dina Botha, Santie van der Merwe en Didi Potgieter.

09:00



Dwarsklap

Met: *Piet Matipa en Izak du Plessis*

Jonk, swart, gay en Afrikaans – Piet Matipa is ongetwyfeld 'n unieke Suid-Afrikaanse stem. Sy aweregse blik op ons samelewing duld geen kompromieë nie. In *Dwarsklap* ondersoek hy kwessies op die vermaaklike manier waarvoor hy in sy koerantrubriek gewild geraak het. En as daar één ding is waarvoor Piet nie terugdeins nie, is dit om sy mond verby te praat. 'n Hoogs vermaaklike boek wat die donkerte van die lewe in ligte skakerings laat glim.

13:30



My storie van hoop

Met: *Christelle Webb-Joubert en Hykie Berg*

Hykie Berg was op die kruin van die golf – hy was 'n suksesvolle akteur en in die wêreld se oë het hy alles gehad wat 'n mens kan begeer. Tot op 'n dag dat hy iemand in 'n badkamer op stel dwelms sien gebruik het en hy so hard teruggeval het in sy ou gewoontes dat hy by die dood omgedraai het. Hierdie boek volg hom deur die dwelmhole van Hillbrow tot in Botswana en uiteindelik waar hy tot stilstand kom, in 'n maksimum-sekureitsel in die Weskoppies- psigiatriese hospitaal. Hier kom red God hom van 'n gewisse dood. 'n Verhaal van God se groot genade en 'n getuigskrif dat Hy nie opgee op ons nie.

10:30



Mentje: Kind van die Pas-opkamp

Met: *Ilse Salzwedel*

Irma Joubert se nuutste boek *Mentje: Kind van die Pas-opkamp* word in Oktober 2017 bekend gestel. Ilse Salzwedel gesels met die immer geliefde skrywer oor haar topverkoper-historiese romans.

15:00



Op pad: 'n Reisjoernaal

Met: *Erns Grundling en Dana Snyman*

In Dana Snyman se nuutste boek beskryf hy Suid-Afrika weer op sy eiesoortige, aweregse manier. Hy vertel van twee reise. In deel een is hy op pad saam met die TV-span van *Op pad met Dana*. Soos hy die land deurkruis op soek na stories, beleef Dana nie net die lief en leed van die mense met wie hy gesels nie, maar ook sy eie innerlike reis. In deel twee kyk Dana rugby saam met verskillende mense oor die land heen.

12:00

